## Week: _______________

# 9 Christelike feesdae

## Doelstellings en leerinhoud

### Sondag

Elke Sondag is ʻn feesdag vir die Here en sy kinders, die mooiste dag van die week! Op ʻn Sondag mag ʻn mens uitrus; dit is ʻn opdrag van God. Ons rus van ons daaglikse werk. Ons gaan twee keer kerk toe omdat die Here ons roep. Saam met alle ander gelowiges mag ons die eredienste bywoon. Ons is dan ʻn gemeente wat kom om die Here te prys! Dit doen ʻn mens deur almal saam te sing en te bid en deur te luister na wat God in die Bybel vir ons sê. Dit moet ons ywerig doen en goed luister na die prediking.

Jy moet nadink oor wat die dominee oor die Bybel verduidelik en vertel. Dit alles maak van die Sondag so ʻn besondere dag! Dit gaan oor God! Dit is ʻn fees, daarom moet elke Sondag ʻn feesdag wees. Hy laat ons sien hoeveel Hy van sy kinders hou. Dit help jou om met vreugde ʻn kind van God te wees!

In die Ou Testament leer die Bybel ons dat die Sabbatdag op die sewende dag gevier word. Met die skepping het God die sewende dag gerus. In die Nuwe Testament leer die Bybel ons dat die Sondag die eerste dag van die week is, want dit is die opstandingsdag van Christus, Paasfees. Op die eerste dag van die week het die gelowiges bymekaar gekom om die Here te dien. Die ewige sabbat vier ek reeds in hierdie lewe deur die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep, Psalms te sing, die Christelike liefdesgawes te gee, om elke dag van my lewe die bose werke te laat rus, en die Here deur sy Heilige Gees in my te laat werk (Heidelbergse Kategismus, Sondag 38).

### Die Wet (Tien Gebooie)

Die vierde gebod lui: "Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig (Ex. 20:9-11).

### Kersfees (25 Desember)

Kersfees is die herdenking van die geboorte van Jesus Christus. Lees Luk. 2:1-20.

Daar is mense wat dink Kersfees bestaan uit die gee van geskenke en die opslaan van ʻn kersboom. Maar dit is nie so nie! Kersfees sê: Christus-fees. Nie mens-fees nie. Dit gaan nie oor ʻn klein kindjie nie. Dit gaan daaroor dat God sy Seun, die Here Jesus,

gestuur het om die mense wat aan Hom behoort, te red.

Daardie Kind het later groot geword. Hy is gekruisig, het gesterf en weer opgestaan uit die dood. Hy lewe! Kersfees is daarom 'n vreugdevolle fees. Hy is ons Vredevors wat vrede bring tussen ons en God. Laat ons dan 'n ware Christus-fees vier en met die gemeente opgaan kerk toe om Hom te loof en prys!

**Goeie Vrydag**

Jesus Christus het gesterf sodat ons vir ewig kan lewe. Lees Lukas 23:33-46 oor die kruisiging.

'n Hartseerdag daardie Vrydag, maar ook 'n blye dag! Hy het vir ons sondes gesterf. Die Here moes op dié dag die heel moeilikste opdrag uitvoer wat ooit gegee is. Hy moes sterwe sonder die hulp van sy Vader. Hy was die enigste Een wat goed genoeg was om dit te doen. Ons sou dit nooit kon dra nie.

Op Goeie Vrydag het Hy aan die kruis gesterf vir ons sondes, waaroor ons baie dankbaar is. Ons moet ons ellende en sondes ken, in ons verlossing glo en dankbaar wees.

Watter groot liefde het God vir ons dat Jesus nie maar weggeloop het toe Hy die soldate sien kom het nie. Watter groot liefde vir ons dat Hy uitgehou het, terwyl die soldate Hom aan die kruis vasgespyker het! Watter groot liefde vir ons toe Hy daar aan die kruis so verskriklik alleen was. Daarom moet ons Hom daarvoor dank.

Daarom kom ons op Goeie Vrydag bymekaar in die erediens. Om ernstig na te dink oor sy verskriklike lyding. Hy was daardie dag sonder God, sodat ons nooit meer alleen, sonder God, hoef te wees nie.

**Paasfees**

Jesus Christus staan op uit die graf. Lees Luk. 24:1-12.

Die Here Jesus sterf nie net vir ons sondes nie. Hy oorwin ook die dood en staan op uit die graf! In die kerk klink die jubels op. Vreugdevolle psalms word gesing. Juis met Paasfees. Dink maar 'n slag mooi hieroor.

Die Here Jesus het gesterf en staan selfs weer op uit die graf! 'n Mens kan jou dit byna nie voorstel nie, en tog het dit gebeur. Dis wat op Paasfees in die erediens gevier en herdink word. Die Koning van die kerk het uit die dode opgestaan! Sing saam, want ook jou stem behoort daarby!

Luister mooi na die geloofsbelydenis hierdie Sondag. Verstaan jy nou waarom ons bely dat Jesus uit die dood opgestaan het?

**Hemelvaartsdag**
Jesus Christus vaar op na die hemel.  Lees Luk. 24:50-53.

Op Hemelvaartdag vier die kerk weer fees!  Dit was God se plan om Jesus in die hemel Koning te maak.  Daar op sy troon regeer Hy die hele wêreld.

Toe Hy die stryd op aarde volbring het, het Hy die Hoof van die kerk geword.  Nou, vanuit die hemel regeer Christus en bring die gelowiges bymekaar rondom sy Woord. Hy beskerm hulle vir altyd .  Dit is wat Hy ook met ons doen.  Hy luister na die psalms wat ons sing en die gebede wat ons bid.

Jesus is ons Koning!  Hy belowe aan ons 'n Trooster, die Heilige Gees, wat ons versterk en help om gelowige, gehoorsame kinders te wees.

Hy laat die Koninkryk van God kom en laat sy kinders iets daarvan sien.

**Pinkster**
Uitstorting van die Heilige Gees.  Lees Hand. 2:1-13.

Vyftig dae na die Hemelvaart is die Heilige Gees uitgestort.  Die Heilige Gees is ons Trooster.  Hy leer ons alles wat die Here Jesus gesê het.  Hy wat glo in die Here Jesus, ontvang ook die Heilige Gees.

Lees maar van die besondere gebeure op Pinksterdag in Hand. 2:1-13.  Dit is baie mooi as jy lees dat elkeen wat daar was, geglo het.  Die mense kon mekaar verstaan en met mekaar oor God praat - elkeen in sy eie taal.

Die Heilige Gees gee aan jou die belangrikste:  DIE GELOOF.  Deur die geloof sien jy die verkeerde dinge wat jy doen steeds beter raak.  Jy word hartseer daaroor.  Hy vertroos jou en laat jou besef watter almagtige God Hy is.  Hy gee aan jou 'n nuwe lewe!  Jy wil graag God se wil doen.

In Galasiërs 5 staan mooi woorde wat ons die vrugte van ons geloof noem en wat ons moet uitleef.  Dit kan ons doen as die Heilige Gees in ons woon:  Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Elkeen wat bid om die Heilige Gees te ontvang, sal dit ook kry!  As jy glo, werk die Heilige Gees van God in jou om jou te verander en jy sal dit ervaar.

## Aktiwiteit

Leesvel

Leesvel

# Christelike feesdae

## Sondag

Elke Sondag is 'n feesdag vir die Here en sy kinders. Op 'n Sondag mag ons uitrus van ons daaglikse werk. Dit is 'n opdrag van die Here. Ons lees dit in die vierde gebod. Ons gaan dan twee keer kerk toe, omdat die Here ons roep om sy Woord te hoor en om Hom te loof en te prys deur te bid en Psalms te sing.

## Kersfees

Kersfees is die herdenking van die geboorte van Jesus Christus. Dit is 'n vreugdevolle fees, want ons Verlosser is gebore! Ons gaan dan kerk toe en vier met die gemeente fees. Daar is seuns en dogters wat dink Kersfees bestaan uit die gee van geskenke en die opslaan van 'n Kersboom, maar dit is nie so nie. Hierdie is 'n Christus-fees en nie 'n mens-fees nie.

## Goeie Vrydag

Die kruisiging. Jesus Christus het vir ons sondes gesterwe sodat ons as gelowiges die ewige lewe kan kry. Ons moet ons sondes ken en dankbaar wees vir hierdie verlossing.

## Paasfees

Jesus Christus staan op uit die graf. Jesus lewe! Nou is dit Paassondag. Die oorwinning is behaal. Ons jubel daaroor en sing in die erediens en prys die Here Jesus. Sing maar saam, want ook jou stem behoort daarby.

## Hemelvaartsdag

Jesus Christus vaar op na die hemel. Op Hemelvaartsdag vier die kerk weer fees! Jesus is ons koning vanuit die hemel en sorg vir al sy kinders. Hy is die Hoof van die kerk. Hy luister na ons gebede wat ons bid en die Psalms wat ons sing.

## Pinkster

Vyftig dae na Hemelvaart volg Pinkster. Die Heilige Gees is uitgestort en dié wat glo in die Here Jesus ontvang die Heilige Gees. Die Heilige Gees is ons Trooster. Hy gee aan ons geloof en 'n nuwe lewe. Elkeen wat van harte bid om die Heilige Gees te ontvang, sal dit ontvang.

